13.OU LORRIE: 'n Ou lorrie is vir £70- aangekoop en daar die saak nie vir die Kommissie duidelik is nie, word besluit verduideliking te vra van Ds.Laurie.

14.S'VELD: 'n Dringende versoek kom van die veld dat in verband met die nuwe skool ordonansie wat groot veranderinge te weeg sal bring in ons werk, die Kommissie so spoedig moontlik na die Sinode die S'veld 'n besoek sal bring. Die vergadering besluit twee lede saam met die Sekretaris te stuur en indien enigsins moontlik sal die reis met die kort pad oor Lusaka gaan. Hierdie Kommissie word opdrag gegee sake te ondersoek en die S.Raad ook by te woon en so vêr moontlik namens die Kommissie te handel.

15.FT.JAMESON: Die Raad wys daarop dat Ft.Jameson 'n duur plek is en versoek die Kom. die plaaslike Sendeling £25- toe te ken as spesiale toelaag daar hy dikwels besoekers het. Dit word toegestaan, en aan die Boekhouer Mnr.Groenewald, word £20- toegeken per jaar daar hy ook op Ft.Jameson woon.

16.DS.KIES: Aan Ds.Kies word gevra te probeer proponente te kry vir ons Sendingveld daar hy persoonlik met hul in aanraking kom tydens die Proponents eksamen.

17.H.GROENEWALD: Daar word briewe van Ds.Laurie en ook van homself gelees. Dit blyk dat Groenewald nie gewillig is te doen wat die Raad aan hom opdra. Die Kommissie verneem dit met spyt en besluit as volg:" Die Kommissie verneem met leedwese dat die Heer H.Groenewald onwillig is om hom te onderwerp aan die besluite van die Raad- en besluit dat ingeval hy volhard in sy houding, word aan die Voorsitter van die Raad volmag gegee om sy ontslag te gee."

18.MEJ.DE WET: 'n Brief van Ds.Laurie word gelees, waarin hy die biesonderhede meedeel van die afsterwe van Verpleegster de Wet. Na die aanhoor van hierdie aandoenlike brief word besluit 'n skrywe te rig aan die ouers van Verpleegster de Wet die innige meegevoel van die Kom. hul mee te deel en ook aan Ds.J.Retief waar hy sy eggenote ook moes afgee net 'n week na die heengaan van Mej.de Wet.

19. ATLAS: 'n Skrywe word gelees i/s 'n Sending Atlas. Dit word besluit 2 te koop.

20.MEJ.BOTHA: Sy het bedank as onderwyseres om eers as Verpleegster haar voor te berei - later het sy egter weer haar bedanking teruggetrek. Die Kom. besluit dat sy met die 1ste geselskap sal moet vertrek.

21.DS.PAUW: Die vergadering spreek sy dank uit dat Ds.C.P.Pauw bedank het vir die beroep wat hy gehad het na Bethesda en verder word met hoë waardering gespreek van die dienste wat Ds.Pauw aan ons Sendingwerk in N.Rhodesia vir 24 jaar reeds bewys het.

NUWE AANSTELLINGS

22. MEJ.OFFICER: Sy is 'n onderwyseres op Senekal, is tweetalig, besit haar B.A. en O/1 sertifikate. Sy word aangestel, mits sy 'n medies sertifikaat toon, teen 'n salaris van £120- per jaar.

23.MNR.NIEUWOUDT: 'n Onderwyser O/3 met spesiale landbou sertifikaat - en houtwerk ook. Hy word aangestel teen 'n salaris van £165- per jaar.

24.O.[illegible]ING: Hy is tans in N.Rhodesia wil bouwerk doen, is ook in besit van 'n boekhou sertifikaat en weet ook veel van boerdery. Dit word besluit sy saak te laat tot die Kom. met die Raad op die Veld, besluit het oor sy aanstelling.

25.A.H.V.ZYL: Mnr.A.H.v.Zyl van Hoopstad. Hy het sy B.A. en H.O.D. graad behaal, word aangestel as onderwyser met 'n salaris van die van 'n Br.Sendeling in die 2de termyn nl. ongetroud £175- plus 10% en getroud £225- plus 10%. Hierdie voorstel sal dien vir al die B.A. en O.1. onderwysers.

HEYNS: Hy is tans in sy laaste jaar B.A. en het hom aangebied as onderwyser maar wil eers sy onderwysers eksamen aflê. Dit Kommissie verneem dit met dank en besluit hom in kennis te stel dat hierdie Kommissie reken op sy dienste vir die toekoms.

27.BEKKER: Hy is 'n gekwalifiseerde timmerman en het sy opleiding te Ficksburg gehad. Hy word aangestel teen 'n salaris van £150- p.jaar.

28.LIEBENBERG: Hy was reeds twee jaar as onderwyser in N.Rhodesia werksaam. Na Junie wanneer hy hoop sy O/l eksamen af te lê, sal hy weer terug gaan teen husalaris van £247.10.0. 'n Lening van £20- sonder rente word toegestaan en die V.S.B. £30-, aan Liebenberg om hom te help sy studies te voltooi.

29.MEJ.ERASMUS: Sy is 'n Verpleegster te Robben Eiland. Daar haar papiere nog nie ontvang is nie, word die aanstelling in hande van Di Theron en Strydom gelaat.

30.MEJ.SWART: Sy is ook 'n verpleegster, ook haar papiere was nog nie ontvang nie en gevolgelik word haar aanstelling ook in hande van bogenoemde kommissie gelaat.

31.PROP.V.WYK: Daar die nood so hoog is en behoefte so groot vir geordende manne, besluit die vergadering, Prop.v.Wyk te beroep na ons Sending Veld.

32.EIGENRAAM: Die Sending Kandidaat Eigenraam vra wat die Kommissie aan die hand gee, of hy direk na sy eindeksamen dadelik na die Sendingveld moet gaan of nog 'n tyd te Stellenbosch gaan studeer. Die Kommissie besluit hom aan te raai om verder te gaan studeer.

33.DS.CRONJÉ. Hy het 'n begeerte uitgespreek om na die Sendingveld te gaan,
DELMAS maar sê dat hy nie hierdie jaar sal kan gaan nie. Besluit hom te
34. skryf dat die Kommissie graag weer van hom sal wil hoor a.s.jaar.

34.DR.KNOBEL: Hy sal in Mei moet vertrek na die veld en sy aanvang salaris sal (£250-) plus 10% wees.

35.VERSLAG: Ds.Laurie se verslag van die werk vir 1927 word gelees en met belangstelling aangehoor. Daar is groot veranderinge volgens hierdie verslag en viral in verband met die naturelle opvoeding. Die volgende besluit word geneem. Die Kommissie het met leedwese verneem van die veranderde toestande wat nie gunstig lyk vir ons werk daar nie, maar vertrou dat die Brs. op die veld, die beste sal maak van die kretieke oorgangsperiode. Wagtende die koms van die Kommissie wat die Sending 'n besoek sal bring vir finale stappe en besluite.

36.VERSLAG B.HILL: Hierdie verslag vir die jaar 1927 se werk op B.Hill, Lusaka en Mtukamyn deur Eerw.Smit opgestel, word gelees en 'n besluit geneem aan Eerw.Smit te skryf en te sê dat die Kommissie sal ook sy werk besoek en met hom die kwessie bespreek wat in die verslag voorkom.

37.FINANSIELE STAAT VAN DIE BUITELAND : Die staat word deur die Saakgelastigde gelees. 'n Tekort van £313.16.2 word aangewys - maar daar die laaste bedrag van die V.S.B. en ook bedrae van 2 gemeentes ingekom het net na die boeke afgesluit is en daar die gelde vir 1927 bedoel is - is daar 'n werklike Batig Saldo van £260.13.10. Die toetale uitgawe vir die Buiteland was vir 1927 £11105.16.11.

FINANSIELE STAAT VAN DIE BINNELAND:

Inkomste £1265.6.2 plus £682.18.8

Batig Saldo van 1926 toetaal........................	£1948. 4.10.
Uitgawe vir 1927..	1646.10. 6
Batig Saldo van........................	£301.14. 4.
Huis van Sending Sekretaris het gekos............	£2944. 4. 4.
Afbetaal in 1927..	244. 4. 4.
	£2700. 0. 0.

Die Buitelandse Fondse sal 90% hiervan betaal en die Binnelandse fondse 10%. Hiermee is die werk vir die Buiteland afgehandel.

B I N N E L A N D

1.NOTULE: THABANCHU: Daar is nog nie iemand gevind vir Thabanchu nie. Aan 'n Kommissie bestaande uit Di Theron en de Wet en die Sending Sekretaris word dit opgedra iemand so spoedig moontlik aan te stel.

2.WINBURG: Die saak van Winburg, Rietfontein en Theunissen word in hande van die Sekretaris gelaat (na 'n brief van Eerw.Saayman die Sendeling daar, gelees is) om te sien hoe Theunissen kan vry kom sodat Rietfontein en Winburg alleen die Br.Sendeling onderhou en hy dan alleen op Winburg werk en Theunissen sy eie Sendeling beroep.

3.KLERK: Hy kry tans as deelstyd klerk £4- per maand dit word nou verhoog tot £5- per maand - ook word besluit die hele saak te verwys na die Kerkekantoor Kommissie vir oorweging. Die vraag is, moet die Kerkekantoor nie sorg vir die salaris van die klerk nie, daar beide die Buite en Binnelandse Fondse hul bydraes stort vir die Kerkekantoor Fonds.

4.ROSS: Die Sub.Kom. vir die Binneland rapporteer dat die salaris van Eerw. Ross verhoog is met £50- waarvan die Sending Gem. £25- bydra- ook word goedgekeur £20- vir reparasie aan die Sending Pastorie daar en £1- per maand vir drie ekstra werkers in Witzieshoek. Daar is 'n versoek gegaan na die Unie Regering dat die Sending Skole, wat altyd onder ons kerk was maar na die oorlog tydens die Kroonkolonie, uit ons hande geneem is, weer aan ons sal teruggegee word. Die Sending werk ly baie onder die wantoestande in die skole te Witzieshoek daar ons Kerk nie die beheer in hande het nie.

5.ROUX: Eerw. Roux van Bethlehem e vra hulp vir 'n vervoermiddel. Die Kom. besluit dat die Sending Sekretaris die Kerkraad daar sal ontmoet en die saak voor hul lê. £10- word toegestaan vir sy werk.

6.MOTSIELOA: Jeremia Motsieloa Sending Leraar te Excelsior vra hulp, daar hy baie aan Drs. moet betaal. Sy saak word verwys na die Kerkraad van Excelsior.

7.INSTITUUT: Ds.Botha Molteno skryf insake een jaarlikse kollekte vir die instituut. Besluit hierdie versoek op te neem in die verslag vir die Sinode, met die versoek dat die Send.Kommissie dit hartlik aanbeveel.

8.KAAPSTAD: 'n Brief van Eerw.J.J.de Villiers Kaapstad word gelees, hy vra hulp vir die naturelle-(wele is lidmate van ons Kerk wat in die Kaapse skiereiland tans is)- bearbeiding. Dit word besluit die saak te verwys na die Sending Kommissie van die Kaapse Kerk.

9.BLOEMFONTEIN: Ds. Theron versoek die Kommissie met die bearbeiding van die duisende naturelle in die Bloemfontein lokasie, £50- word vir 'n jaar toegestaan.

10.VERKEERDEVLEI: Vir die Evangelis te Verkeerdevlei word £2-p.m. gestem.

11.WEPENER : Daar Eerw.Smit soveel met literaries werk hom moet besig hou, word £3- p.m. gestem vir 'n Evangelis wat hom moet help.

12.STOFBERG: Daar word 'n brief gelees van prokureur v.d. Merwe van Rozendal. Hy kla dat Afrikaans nie tot sy reg te Stofberg kom nie. Besluit dat aan Stofberg geskryf sal word en wel as volg: "Die Sin.Alg. Send.Kom. besluit die Stofberg Kom. te vra toe te sien dat Afrikaans tenminste gelyk met Engels in die gewone Kinderskool te Stofberg gestel sal word". Die Sending Sekretaris sal verder in die saak handel.

S.O.S.

13. STAM TAAL: 'n Skrywe van die Skrieba Sinodi van die Sendingkerk word gelees. Die Send.Kom. word gevra stappe te doen teneinde die besluite van die Sin.Kom. van die Send.Kerk i/s die aanleer van die Stamtaal deur Sendelinge verpligtend te maak vir werkers in die O.V.S. Dit word besluit die punte op te neem in die verslag van die Sinode van die Binnelandse Sending, by die H.E.Sinode dit aan te beveel en te laat bekragtig.

14. BASOETOELAND: Die verslag word gelees van 'n Kom. wat ondersoek ingestel het in toestande in Basoetoeland en dit word besluit die verslag op te neem in die algemene verslag vir die Binneland wat voor die a.s.Sinode sal dien.

15. SERUMULA: Daar kom 'n versoek van die drukwerk Kom. van die Send.Kerk, dat die Serumula finansieel hulp nodig het. £10- sal gegee word as dit nodig is.

16. S.EVANGELIE PREDIKING: Van die V.S.B. kom 'n versoek dat 'n Br.Sendeling aangestel behoor te word wat sal rondgaan op spesiale Evangelie prediking te doen en ook algemene hulp verleen aan die Sending Kerk. Die saak word eers na die Send,Sinode verwys.

17. STOFBERG: Die jaarlikse verslag word gelees en dit word besluit hom net so voor die Sinode te lê. Daar Thabanchu 'n aansienlike som sal nodig hê uit die Binnelandse Kas, besluit die vergadering dat £100- minder hierdie jaar aan Stofberg gegee sal word.

18. VERSLAG: Die Algemene verslag wat voor die H.E.Sinode moet kom word voorgelees en deur die vergadering goedgekeur en onderteken.

19. UITVOERENDE KOMMISSIE: Di Malherbe, Theron en die Sekretaris word benoem as uitvoerende Kommissie in spoedeisende sake.

20. BESKRYWINGSPUNTE:

1. Die H.E.Sinode word gevra hom duidelik uit te spreek i/s (a) Die naturelle onderwys. (b) die Konsep Wette van die Eerste Minister - met betrekking tot naturelle en kleurlinge.

2. Art.204. Die H.E.Sinode word gevra hierdie Art. so te wysig dat die Sin.Alg.Send.Kom, uit 'n lid van elke Ring sal bestaan.

3. Die H.E.Sinode word gevra 'n Sending maandblad met ons Kerk waardig sal wees - in oorleg met die gefedereerdes, in die lewe te roep.

4. Punt (1) (a) sal deur Ds.Theron ingelei word.

1.(b) Deur Ds.Malherbe
2. Deur Ds.Kies en (3) Deur Ds.Botha

5. Die H.E.Sinode word gevra 'n sterk aanbeveling te maak in verband met die hou van 'n jaarlikse Sending Fees in elke Gemeente teneinde (a) Kennis aangaande die Sending te versprei (b) Fondse in te samel vir Sendingwerk van die Kerk. Hierna is die werksaamhede afgedaan en Ds.H.S.M.Botha sluit die vergadering met gebed.